


Koringfokus Wheat focus

VOL 33.5

SEPTEMBER • OKTOBER 2015



AGRI MEGAWEEK 2015

Koring, gars en kanola se volgende tien jaar

AGRICO Spilpunte & Lineêre Besproeiers



Met uitstaande standaard eienskappe en verskeie opsies:



Spilpunte word in-huis gegalvaniseer; minimum 100 mikron (1,8 keer die ISO 146 standaard). Dit beteken 80% langer lewensverwagting.



"Windsaver" masjien is stabiel en vir 4 jaar gewaarborg teen omwaai.



"Cablesaver" beperk kabel diefstal. Die kabel loop binne-in die pyp en word nie maklik bygekome nie.



"Autoflush" spoel die spilpunt wanneer die pomp aankom.



Die AGRICO 3-been senter met sy wyë voet spoor is besonder stewig.



AGRICO naaflose diens: Opmeet, ontwerp, vervaardiging, aflewering, oprigting en naverkoopdiens.

NAVRAE: Alfred Andrag ☎ 082 824 1214 📞 021 950 4111 📠 950 4208 ✉ alfred.andrag@agrico.co.za

VERKOPE EN DIENS MET TAKKE OOR DIE LAND:

- Aliwal-Noord • Bellville • Bethlehem • Bloemfontein • Bothaville • Caledon • Ceres • Cradock • Estcourt • George • Hartswater • Humansdorp • Kakamas • Kimberley • Kroonstad • Lichtenburg • Malmesbury • Moorreesburg • Nelspruit • Nigel • Nylstroom • Pietermaritzburg • Piketberg • Rawsonville • Tzaneen • Upington • Vredendal •



*Meer as 100 jaar van diens!
More than 100 years' service!*



VOORBLAD

Die 23e Agri Mega-week vind van 16 tot 19 September by Bredasdorp plaas, met die fokus op Afrika en landbou.

Koringfokus / Wheat Focus verskyn ses keer per jaar en word in samewerking met die koringbedryf saamgestel, wat insluit: LNR-Kleingraaninstituut; SA Graaninligtingsdiens; Wintergraantrust & SA Graanlaboratorium.

Gratis beskikbaar aan *bona fide*-kleingraanprodusente



MEDIAKOM

Uitgewer en eienaar

Adres vir redaksionele kopie, advertensies en intekenare:

Mediakom
Posbus 20250
Noordbrug
2552

Tel: 018 293 0622
Faks: 086 606 5719

E-pos: mediacom@intekom.co.za
www.mediacomcc.co.za

REDAKTEUR: Willie Louw
ADVERTENSIES: Jana Greenall
- 011 476 3702
UITLEG: Mercia Venter
Studio Chatnoir - 083 468 2075

KOPIEREG EN STANDPUNTE

© Kopiereg / Copyright: Ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg Nr 98 van 1978 en enige wysigings word alle regte voorbehou. Standpunte en aansprake in advertensies en artikels word nie noodwendig deur Mediakom Bk en enige medewerkers / deelnemende instansies onderskryf nie. Regstellings word net oorweeg indien 'n tipografiese fout die betekeniswaarde van 'n advertensie/promosie verminder.

Koringfokus Wheat focus

VOL 33.5

SEPTEMBER • OKTOBER 2015

REEDS 33 JAAR DIE ONAFHANKLIKE SPESIALIS-TYDSKRIF VIR DIE KLEINGRAANBEDRYF

THE INDEPENDENT SPECIALIST MAGAZINE FOR THE SMALL GRAIN INDUSTRY FOR THE PAST 33 YEARS

AGRI-INFO

- 5 No need for Section 7 investigation into transport differentials for wheat – NAMC
- 6 SAGIS suksesvol met inligtingstaak
- 7 SAGIS het nuwe direkteure
- 7 Mark kry meer inligting oor koringprodukte en graanbewegings
- 19 Meer organisasies by dieselfde adres
- 20 Instituut se kleingraanavorsing onder die vergrootglas
- 24 Sensako – a seed company for local producers

BFAP-vooruitskouing

- 8 BFAP se vooruitskouing van kleingraan
- 9 70% meer kanola in volgende dekade verwag
- 9 SA se koringboere bly nie agter nie
- 10 Ekonomiese onstabiliteit knou landbou
- 11 Beter koringtoestande in Vrystaat, swakker in Wes-Kaap, voorspel klimatologiese model
- 11 Nuwe aanleg kan garshandel laat balanseer

KLEINGRAAN

- 12 Só verminder navorsing die risiko van uitloop in are

MARKET-INFO

- 4 Laer opbrengs in 2015 se koringoes verwag
- 16 SAGIS: Koringmarksituasie
- 18 SAGIS: Gars, hawer en kanola se marksituasie

AGRI MEGAWEEK

- 21 Agri Mega-week steun Afrika se landbou-ontwikkeling
- 22 Focus on Africa for global food security
- 23 AMW as international platform

TRANSPORT

- 26 Duurder padvervoer se akkuraatheid skakel spoorvervoer uit
- 27 Agbiz Grain Logistics Workshop
- 30 Shipping lines report best arrival performances



Mark kry nuwe inligting



Koringtoestande volgens klimaat



Landbou in Mega-formaat

Laer opbrengs in 2015 se koringoes verwag

Suid-Afrika kan 'n kleiner koringoes in die 2015-produksieseisoen verwag, hoofsaaklik weens 'n swakker opbrengs en kleiner aanplantings in die Vrystaat, Noord-Kaap en Noordwes.

Volgens die Oesskattingskomitee (NOK) se eerste produksieskatting vir 2015 word 'n oes van 1,691 miljoen ton verwag. Dit is 3,37% of 59 025 ton minder as die vorige seisoen se oes van 1,750 miljoen ton. Die verwagte opbrengs is 3,54 ton/ha teenoor die vorige seisoen se 3,67 ton/ha. Die verwagte produksie in die Wes-Kaap is 859 375 ton (51% van die totaal), wat 39 625 ton minder is as die 899 000 ton van die vorige seisoen. In die Vrystaat is die verwagte produksie 240 900 ton (14% van totaal), wat 4 600 ton minder is as die vorige seisoen se oes van 245 500 ton. In die Noord-Kaap is die beraamde produksie 270 000 ton (16% van totaal). Die NOK het die oppervlakteskatting vir koring tot 477 650 ha hersien, wat 650 ha minder is as die 478 300 ha van die vorige skatting. Die beraamde oppervlakte met koring in die Wes-Kaap is 312 500 ha of 65% van die totaal, die Vrystaat se oppervlakte is 73 000 ha of 15% en 36 000 ha of 8% is in die Noord-Kaap.

Ander gewasse

Groter aanplantings en 'n gepaardgaande groter oes word met moutgars verwag.

Tabel 1. Wintergewasse – hersiene oppervlakte- en eerste produksieskatting vir 2015-produksieseisoen.

GEWAS	Oppervlak beplant 2015 Ha (A)	1 ^{ste} skatting 2015 Ton (B)	Oppervlak beplant 2014 Ha (C)	Finale oes 2014 Ton (D)	Verandering % (B) ÷ (D)
Kommersiëleel					
Koring	477 650	1 690 975	476 570	1 750 000	-3,37
Moutgars	93 730	334 033	85 125	302 000	+10,61
Kanola	80 000	112 000	95 000	121 000	-7,44
Totaal	651 380	2 137 008	656 695	2 173 000	-1,66

Nota: Skatting is vir kalenderjaar, bv. produksieseisoen 2015/16 = 2015

Bron: Oesskattingskomitee

Tabel 2. Koring – hersiene oppervlakte- en eerste produksieskatting vir 2015.

Provinsie	Oppervlak beplant Ha 2015	1 ^{ste} skatting Ton 2015	Oppervlak beplant Ha 2014	Finale oes Ton 2014
Wes-Kaap	312 500	859 375	310 000	899 000
Noord-Kaap	36 000	270 000	38 000	285 000
Vrystaat	73 000	240 900	69 500	245 500
Oos-Kaap	3 100	15 500	3 000	12 000
KwaZulu-Natal	7 300	43 800	6 500	39 000
Mpumalanga	3 500	21 350	3 500	21 350
Limpopo	27 000	148 500	27 500	137 500
Gauteng	250	1 550	570	3 550
Noordwes	15 000	90 000	18 000	107 100
Totaal	477 650	1 690 975	476 570	1 750 000


Bron: Oesskattingskomitee

Die NOK se produksieskatting is 334 033 ton, wat 10,61% of 32 033 ton meer is as die vorige seisoen se oes van 302 000 ton. Die verwagte aanplantings is 93 730 ha en die verwagte opbrengs 3,56 ton/ha.

Die verwagte kanola-oes is 112 000 ton, wat 7,44% of 9 000 ton minder is as die vorige seisoen se oes van 121 000


ton. Die oppervlakteskatting vir kanola is 80 000 ha, met 'n verwagte opbrengs van 1,40 ton/ha. In die vorige seisoen het die aanplantings 95 000 ha beloop.

Die tweede produksieskatting vir wintergewasse vir 2015 word 29 September 2015 vrygestel. Die oesskattings kan op SAGIS se webtuiste besigtig word by www.sagis.org.za.



Figuur 1. Provinsiale verspreiding van koringproduksie in die RSA.

Bron: Oesskattingskomitee



Figuur 2. Koringopbrengs RSA 2010 – 2015.

Bron: Oesskattingskomitee

No need for Section 7 investigation into transport differentials for wheat – NAMC

The transport differential is calculated in a transparent way and functions very well as an indicator for potential transport cost, but the recommendation in a previous investigation concerning market concentration of the Western Cape wheat value chain has to be revisited.

This was the main conclusion in a statement from the National Agricultural Marketing Council (NAMC) after a study and interviews with role players.

“The situation for the Western Cape farmers in terms of the differential being utilized for actual transport cost is not a direct function of the differential per se, but a lack of negotiation powers with limited buyers in the province.

“It is also the opinion of certain stakeholders that more transparency regarding physical stock levels in specific areas can enhance the functioning of the market,” says Tshililo Ramabulana,

CEO of the NAMC.

“The Council decided after careful consideration that there is no need for another Section 7 investigation, but rather a revisit to the recommendation made in the 2009 NAMC report is necessary, concerning an investigation into the market concentration of the Western Cape wheat value chain.

According to Mr Ramabulana’s statement, there is a need for increased transparency in the physical market. In line with the 2009 NAMC report, an investigation to determine the impact, viability and way of reporting on all physical grain and oilseed stock levels in specific areas may be necessitated by the afore-mentioned background. This



will enhance the optimal functioning of the South African grain and oilseeds market and also address the transport differential discrepancy.

“From a food security point of view, it is important for this information to be known in the market and therefore the NAMC is assisting the grain industry in publishing the supply and demand figures on grains and oilseeds on a monthly basis. These reports are available at the following link: <http://www.namc.co.za/pages/research--publications/publications/supply--demand-estimates>. This enhance food security and provide more transparency regarding physical stocks.”



EXPAND YOUR OPERATION

MEET GOALS, INCREASE PROFITS AND SAVE TIME.
TURN YOUR PLANS INTO A REALITY.

Plan for your future with a complete farm system from GSI

Whether you are planning to farm more hectares or want to increase your marketing flexibility, use our expertise to design a system to meet your specific grain facility needs with the utmost efficiency.



Karabo Peele, uittredende voorsitter van SAGIS se direkteure.



Chris Sturgess van Safex en John Gordon van die Sorghumtrust.

SAGIS suksesvol met inligtingstaak

Die afhandeling van 'n weeklikse inligtingstelsel en bykomende verslae van die maandelikse opgawe was hoogtepunte in die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) se jaarverslag, sê die uittredende voorsitter van die direkteure, Karabo Peele. Daarmee is 'n uitgerekte projek in SAGIS se inligtingstegnologie afgehandel.

Hy bestempel die nuwe statutêre regulasies wat op mielies en koring ingestel is as nog 'n hoogtepunt van die verslagjaar. Mnr Peele word deur dr John Purchase van Agbiz as voorsitter opgevolg.

Die nuwe statutêre regulasies is in November 2014 gepubliseer en behels die registrasie van alle vervaardigers, invoerders en uitvoerders van mielies en koringprodukte by SAGIS. Dié inligting is 'n bykomende diens wat SAGIS in die toekoms aan toepaslike bedrywe gaan bied.

SAGIS is volgens mnr Peele besig met die registrasieproses waarvoor 'n inligtingstelsel ontwikkel moes word. Dié projek word deur die Mielietrust en die Wintergraantrust befonds.

Die getal medewerkers wat by SAGIS geregistreer word wissel voortdurend weens nuwe toetreders of onderneemings wat sake staak. Aan die einde van die verslagjaar van 29 Februarie 2015 was 628 medewerkers geregistreer wat altesaam 1 226 verslae moes indien. Dit is effens minder as die vorige verslagjaar se 653 medewerkers.

Mnr Peele het medewerkers en hulle organisasies vir hulle samewerking bedank. Hulle toewyding het dit moontlik gemaak om akkurate inligting tydig te kon voorsien.

Gedurende die 2014/15-verslagjaar het SAGIS se personeel inspeksies by 882 persele landwyd uitgevoer. Altesaam 4,9 miljoen ton graan en oliesade is gekontroleer. Die voorraad graan en oliesade in kommersiële strukture het tydens maandeindes tussen 4,2 en 9,2 miljoen ton gewissel.

Inspeksies word uitgevoer om die akkuraatheid en volledigheid van SAGIS se inligting en die nakoming van regulasies te kontroleer. Verder word medewerkers wat by SAGIS geregistreer moet word, tydens inspeksies geïdentifiseer.

SAGIS se personeel het op 28 Februarie 2015 uit 21 voltydse werkers bestaan. Personeeluitgawes wat verminder het was een van die besparings wat in die verslagjaar bewerkstellig is. Die besparing is verder moontlik gemaak deur minder besteding aan kommunikasie, reise en die inligtingsprojek. SAGIS het ook meer inkomste ontvang as waarvoor begroot is.

Mnr Peele het SAGIS se bestuurder, Nico Hawkins, en die personeel bedank vir hulle uitstekende werk. 🙌



Karabo Peele van die Mielietrust, Leon du Plessis van L&K Landbou dienste en Jannie de Villiers van Graan SA.



Boikanya Mokgatle van die Meulenaarskamer en Billy Morokolo van die departement van landbou, bosbou en visserie met Gerhard Scholtemeijer (Olie- en Proteïensade-ontwikkelingstrust) in die agtergrond.

SAGIS se werk vir SA landbou

SAGIS se doel is die insameling, verwerking, ontleding en tydig verspreiding van betroubare inligting aan rolspelers. Weens veranderende omstandighede van landboubedrywe, is SAGIS ook verantwoordelik vir onder meer die monitering van invoertariewe, geouditeerde sertifikate en weeklikse invoer- en uitvoerstatistiek vir die koring- en meliebedryf.



Marianna Purnell van Agbiz Grain, Nico Hawkins van SAGIS en Wiana Louw van die SA Graanlaboratorium.



Dr John Purchase, voorsitter van SAGIS se raad van direkteure.

SAGIS het nuwe direkteure

DR JOHN PURCHASE van Agbiz is die nuutverkose voorsitter van die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) se raad van direkteure. Die nuwe direkteure is tydens SAGIS se algemene jaarvergadering in Julie 2015 bekend gestel. Hulle is deur die onderskeie graantrusts wat in SAGIS se raad dien, aangewys.

Dr Purchase is een van die Mielietrust se verteenwoordigers. Anton Nebe van die Sorghumtrust as ondervoorsitter aangewys.

Die Mielietrust word verder in SAGIS se raad verteenwoordig deur Khanya Mahlali met Jannie de Villiers as alternatiewe direkteur. Die Olie- en Proteïensade-ontwikkelingstrust word deur Gerhard Scholtemeijer, Jaco Minnaar en De Wet Boshof (alternatief) verteenwoordig. Die Sorghumtrust word deur Anton Nebe, John Gordon en Jaap van der Westhuizen (alternatief) verteenwoordig en die Wintergraantrust deur Tato Make en Mariana Purnell.

SAGIS word nasionaal en internasionaal erken as 'n betroubare bron van inligting ten opsigte van die insameling, verwerking, ontleding en tydige verspreiding van markinligting met betrekking tot graan en oliesade. ♡

Mark kry meer inligting oor koringprodukte en graanbewegings

Die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens (SAGIS) het nog 'n mylpaal op 4 September 2015 bereik met die eerste bekendmaking van koring en mielies se produkinligting.

Op versoek van rolspelers in die mielie- en koringbedryf het die minister van landbou, bosbou en visserie op 14 November 2014 statutêre maatreëls ingevolge Artikel 13 en 18 van die Bemarkingswet afgekondig. Hierdie maatreëls verplig die vervaardigers, invoerders en uitvoerders van mielie- en koringprodukte om by SAGIS te registreer en sekere inligting maandeliks te verskaf.

Die belangrikste redes wat die twee bedrywe ter motivering van die maatreëls aangevoer het, is dat markdeelnemers hierdie inligting nodig het sodat die koring- en mielie-markte doeltreffend kan funksioneer. Inligting is ook nodig om die lewensvatbaarheid en internasionale mededingendheid van die bedrywe, asook die groter landbousektor op beleidsvlak, te bevorder.

Sedert die goedkeuring van die statutêre maatreëls moes SAGIS die finansiering en logistiek rondom die projek gereed kry en medewerkers geïdentifiseer en geregistreer word. Hierdie proses van registrasie is steeds aan die gang en 501 medewerkers met 1 145 persele is reeds geregistreer.

Wat koring betref, word ten opsigte van die volgende produkte gerapporteer:

- Pangebakte brood (alle soorte);
- koekmeel;
- bruismeel;
- broodmeel;
- heelgraanmeel;
- semels; en
- semolina.

In die toekoms gaan 'n spesifieke maand

se inligting volgens bogenoemde kategorieë op die eerste Vrydag van die tweede maand wat daarop volg gerapporteer word (Julie se inligting is op 4 September gerapporteer).

Die uitvoerende hoof van die Meulenaarskamer, Boikanyo Mokgatle, het die stap verwelkom. Dit sal sekerheid skep in beplanning en vir beleid en beheermaatreëls.

Die Meulenaarskamer het hierdie inligtingsrol oor produkstatistiek tot in September 2009 vervul. Dit is gestaak weens kommer oor die gebruik van bedryfstatistiek in mededinging. Mnr Mokgatle sê bedryfsorganisasies is die belangrikste bron van inligting vir owerheidsinstellings, semistaatsorganisasies, nie-regeringsorganisasies, studente, akademici en konsultante wat spesifieke bedryfsnavorsing doen.

Sedert die Kamer sy inligtingsrol gestaak het, het die gebrek aan produkstatistiek en onsekerheid oor die uitruiling van inligting omstrede sake in die waardeketting van die koring- en mieliebedryf geword. Die Landboubeoordelingsraad het in Januarie 2011 die moontlikheid van 'n statutêre reëling begin ondersoek om statistiek oor koring- en mielieprodukte deur die SA Graaninligtingsdiens te laat versamel.

"Die behoefte aan bedryfsinligting in die hedendaagse dinamiese sake-omgewing kan nie oorbeklemtoon word nie," sê mnr Mokgatle. Dit speel nie net 'n rol om bedryfsprestasie en bydraes tot nasionale statistiek te evalueer nie, maar is krities in die beleids- en regulering-omgewing en vir beleggingsdoeleindes.

Anders as ander sektore funksioneer landbou in 'n omgewing van gebrekkige inligting. Dit word volgens mnr Mokgatle deur 'n gebrek aan inligting of statistiek vererger.

Belangstellendes kan die inligting in SAGIS se webtuiste vind by www.sagis.org.za en onder *SAGIS inligting produkte*. ♡

BFAP se vooruitskouing van kleingraan

Min ingrypende veranderings word in die volgende dekade in Suid-Afrika se koringsituasie verwag en die hoeveelheid ingevoerde koring kan tot 2,2 miljoen ton toeneem. Toenemende moutgarsaanplantings en -produksie in besproeiingsgebiede kan die invoer daarvan verminder. Kanola se rol in wisselbou bring mee dat aanplantings van dié oliesadegewas in die volgende dekade met 70% gaan toeneem. Dit is kortliks hoogtepunte oor kleingraan in die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) se jongste vooruitskouing vir die tydperk 2015 tot 2024.

Koring se oppervlakte en prys bly stabiel

Die internasionale koringprys gaan na verwagting in 2015 aanhou daal weens goeie oeste en 'n oorskotvoorraad. Die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) se kundiges sê kleiner oeste van uitvoerlande soos die VSA en Kanada is geneutraliseer deur groter oeste uit die Europese Unie, Rusland, die

Oekraïne, Argentinië, Brasilië, China en Indië.

Met soveel oordragvoorraad verwag die BFAP dat pryse oor die kort termyn onder druk gaan bly. Die prys van VSA harde rooi winterkoring kan in 2016 en 2017 op ongeveer \$235/ton stabiliseer, maar kan weens gekonsolideerde produksie en 'n groter aanvraag van 2018 af styg.

Plaaslike koringoppervlakte

Danksy Suid-Afrika se invoertariefheffing wat geaktiveer is toe wêreldpryse laer as \$294 gedaal het, gaan die oppervlakte onder koringaanplantings in 2015 stabiel bly. Oor die langer termyn verwag die BFAP dat aanplantings in die winterreëng gebied met sowat 40 000 hektaar gaan verminder. Dit word toegeskryf aan produsente se besluit om kanola te plant ten gunste van 'n meer volhoubare wisselboustelsel. Teen die einde van die BFAP se verslagtydperk in 2024 kan die winterreëng gebied se oppervlakte onder koring sowat 265 000 ha beloop.

Die afname van koringaanplantings in die somerreëng gebied, hoofsaaklik die Vrystaat, gaan in die volgende dekade na verwagting op 65 000 ha stabiliseer. Grondvog en die winsgewendheid van somergraanoeste sal bepaal of koringaanplantings gaan toeneem.

Die BFAP verwag dat die oppervlakte onder besproeiingskoring stabiel gaan

bly omdat dit deel van 'n dubbel-oestelsel is. In die noordelike besproeiingsgebiede kan garsaanplantings meer met koring meeding weens die voordeel van die nuwe vermoutingsfasiliteit in Alrode, Gauteng.

Plaaslike koringprys en produksie

Ondanks die daling van die internasionale prys gaan die plaaslike koringprys in 2015 bykans 6% hoër wees as in 2014 en bo die vlak van R3 800/ton beweeg. Die BFAP skryf die hoër prys toe aan 'n kombinasie van die wisselende invoerheffing en 'n verswakking van die wisselkoers teenoor die VSA dollar.

'n Geringe toename in oppervlakte wat deur beter opbrengs ondersteun word, kan in 2016 vir 'n klein produksietoename sorg. Oor die lang termyn verwag die BFAP dat plaaslike produksie stabiel gaan bly op sowat 1,6 miljoen ton. 'n Kleiner oppervlakte onder koring word deur die beter opbrengs geneutraliseer.

Weens die toenemende verbruik van koring kan invoer steeds toeneem. Dit kan teen 2024 meer as 2,2 miljoen ton beloop. Ingevoerde koring sal dus meer wees as die plaaslike produksie en die Suid-Afrikaanse prys, wat teen invoerpariteit verhandel, sal steeds sterk beïnvloed word deur die internasionale prys en die wisselkoers. 🌾



70% meer kanola in volgende dekade verwag

IN DIE AFGELOPE vier seisoene het kanola-aanplantings 'n groot toename getoon tot in 2014 se rekordoppervlakte van 95 000 ha. Die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) verwag in sy vooruitskouing van die volgende dekade tot in 2024 dat dié tendens van kanola-aanplantings gaan voortduur.

Teen 2024 kan kanola sowat 160 000 ha beslaan. Dit sal meebring dat die gebied onder kanola in die volgende dekade met 70% kan toeneem. Ná 2024 kan die kanola-oppervlakte meer as 270 000 ha beloop indien normale weerstoestande voortduur en opbrengs aanhou om weens tegnologiese vooruitgang te verbeter.

Die groter oppervlakte sal nie uitsluitlik ten koste van winterkoringaanplantings wees nie, sê die BFAP se kundiges. Die hektare onder kanola sal ook afkomstig wees van sowat 30 000 ha uitbreidings in die Wes-Kaap.

Ná 2014 se rekordaanplantings verwag die BFAP 'n daling van sowat 10 000 ha se kanola-oppervlakte. Die rede vir die toename oor die lang termyn is opbrengsverbetering en gepaardgaande beter winsgewendheid as deel van dié gewas se rol in 'n wisselboustelsel.

Volgens die BFAP se berekening het die persvermoë van Suid-Afrika se oliesadebedryf in die onlangse seisoene vinnig uitgebrei. Kanola word nie op Safex verhandel nie en die primêre aankoper is Southern Oil (SOILL) wat in die Suid-Kaap geleë is. Die gewas se prysvaststelling is ingewikkeld en volgens die BFAP se formule en model word sonneblom en soja-olie en oliekoekpryse,

asook kanola se invoerpariteitsprys daarvoor gebruik. Parskoste, hanteringskoste en 'n gebiedsdifferensiaal word in aanmerking geneem maar nie opberging en finansiering nie.

Produsente en kanola se produkopnemer sal daarby baat indien kanola 'n prysstruktuur ontwikkel wat aan 'n termynmark gekoppel word, soos gars se prysstruktuur waarin gars se prys aan koring se termynmark gekoppel word.

Boere in die Suid-Kaap is voorstanders van 'n wisselboustelsel wat kanola, koring en / of gars insluit, asook voergrasse soos lusern. Hulle ervaring van hierdie soort wisselbou is positief omdat dit doeltreffend is en daarom het kanola-aanplantings toegeneem.

Verdere oppervlakte-uitbreidings van kanola word nou deels deur die wisselboustelsel beperk en daarom verwag die BFAP dat toekomstige uitbreidings in die Swartland sal voorkom. SOILL het boonop hulle persvermoë vergroot, wat hierdie uitbreidings meer aantreklik maak.

Kanola-oliekoek se proteïen-inhoud is sowat 34%, wat met dié van sonneblom-oliekoek se 38% vergelykbaar is. Soja-oliekoek het sowat 48% proteïen-inhoud. Kanola en sonneblom word primêr vir hulle olie-inhoud geproduseer. Kanola-oliekoek word met sukses in die suiwelbedryf aangewend in dié gebied waar dit geproduseer word. Die verwagte toename in kanola-aanplantings en groter parsvermoë kan die plaaslike produksie van soja-oliekoek teen 2024 laat verdubbel, wat die prys daarvan kan demp. ♡

SA se koringboere bly nie agter nie

IN VERGELYKING MET kernkoringproduksiestreke in die wêreld vergelyk plaaslike koringboere in die Overberg en Noord-Kaap redelik goed. In die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) se jongste vooruitskouing vir 2015 tot 2024 is gemiddelde oeste van 2011 tot 2013 gebruik om vergelykings te tref.

Gemiddelde oeste vir dié tydperk in die Oos-Vrystaat en die Overberg was 2,79 ton/ha. Duitsland het uitsonderlike oeste van 8,60 ton/ha gehad, wat met besproeiingskoring se opbrengs in die Noord-Kaap vergelyk kan word. In Australië se koringgordel en Suidkusstreek is oeste van 2,67 ton/ha afgehaal, terwyl Amerikaanse plase in Kansas en Noord-Dakota gemiddeld 2,92 ton/ha gekry het.

Wanneer inkomste vergelyk word, is Duitse produsente baie goed daaraan toe. Hulle kry gemiddeld \$50/ton meer as die werklike markprys. Die invoerpariteit waaraan Suid-Afrikaanse boere onderworpe is, het stewige plaashekinkomste ondersteun. Dit word egter grootliks ongedaan gemaak weens die insetkoste wat sowat \$55/ton duurder is. Die hoë prys om 'n ton koring in Suid-Afrika te produseer is veral te wyte aan lae opbrengste in die Oos-Vrystaat en hoër bemestingskoste.

Wanneer die insetkoste en inkomste van 2011 tot 2013 in verskillende koringstreke vergelyk word, was die marges in drie Suid-Afrikaanse produksiegebiede hoër as in alle ander wêreldstreke. ♡

Ekonomiese onstabieleit knou die landboubedryf

Groot onsekerheid lê vir Suid-Afrikaanse landbou voor weens faktore soos waardevermindering van die rand en 'n styging van uitgawes vir insetmiddele.

Die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid se kundiges sê hoewel ruoliepryse verlaag het, het die Rand se waardevermindering en meer heffings op die plaaslike brandstofprys die verlaagde koste grootliks geneutraliseer.

Nog 'n faktor is bemestingskoste waarvan internasionale pryse sedert 2011 afgeneem het maar plaaslik sywaarts beweeg en selfs verhoog het. Hierdie onrustige makro-ekonomiese toestande beïnvloed kommoditeitspryse en die produksiekoste. Dit word vererger deur weerstoestande en die invloed van politieke en beleidsbesluite.

Gedurende 'n siklus van laer produksiepryse en hoër produksiekoste gaan

bestuur 'n deurslaggewende faktor wees om in dié kosteknypang volhoubaar te kan boer. 'n Volgehoue verbetering van produktiwiteit gaan nodig wees om gunstige finansiële opbrengs te kry.

Kleinskaalse kommersiële boerderye gaan veral sukkel om kop bo water te hou en sal op die regte manier ondersteun moet word. Selfs grootskaalse boerderye in veldgewasse se verwagte opbrengs gaan oor die kort termyn veel minder wees as wat in die afgelope jare verkry is.

Dit is egter nie net landbouers wat onder dié toestande gaan ly nie, sê die BFAP. Voedselpryse vir 'n gesin van vier mense het tussen Januarie 2011 en April 2015 met 36% toegeneem, wat hoër as die styging in algemene inflasie is. Laer kommoditeitspryse kan oor die kort termyn voordele inhou, maar beduidende waardetoevoeging vind in die waardeketting van die verbruiker se eindproduk in die voedselmandjie plaas. Boonop word 'n groot deel van die voedsel in hierdie mandjie ingevoer en deur die rand se waardevermindering geraak, wat voedselinflasie onvermydelik gaan laat styg. ♡

Potensiaal vir werkskepping in produkverwerking

BETEKENISVOLLE indiensneming kan in sommige bedrywe in die verwerking van landbouprodukte geskep word. Die gemiddelde waarde van ingevoerde verwerkte landbouprodukte tussen 2006 en 2011 het sowat R54 biljoen beloop terwyl die waarde van onverwerkte uitgevoerde produkte sowat R33 biljoen beloop het, sê die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP).

Suid-Afrika het 'n behoefte aan die ontwikkeling van produkverwerking in die voedsel- en drankbedryf se waardeketting. Navorsing oor produksiegeleenthede behoort op 'n hoë vlak ondersoek te word sodat die land se besondere ontwikkelingsbehoefte ondersteun kan word.

Histories is Suid-Afrika op die produksie van landbouprodukte gefokus wat vir verbruik of verwerking uitgevoer

word. Die meeste verwerkte produkte word dan weer ingevoer, selfs al word die oorspronklike produkte plaaslik verbou.

Die Wes-Kaapse departement van landbou het 'n indeks vir landbouprodukverwerking saamgestel waarin sowat 130 produkte gelys is. Om 'n rangorde vir die verwerking van landbouprodukte te bepaal, is maatstawwe gebruik soos produksieprestasie, werkskeppingspotensiaal, plaaslike markgroei, internasionale markgroei en handelsbeperkings.

Boaan die lys van landbouprodukte in die indeks is mengsels en deeg vir brood, soetgebak, koekies en gebak, gevolg deur geroosterde koffie en koffie-plaasvervangers. Derde in die indeks is sonneblomolie. In die vyfde plek is ontbytgraankos en sesde koringmeel en koringmaaltye. ♡



BFAP gebruik aannames vir vooruitskouings en maak nie voorspellings nie

DIE BFAP IS 'n nuwingsgewende maatskappy wat die afgelope elf jaar inligting oor verskillende landboubedrywe versamel, ontleed en vooruitskouings gee vir die volgende dekade. Die vooruitskouings handel onder meer oor prysneigings, produksie en verbruik en moenie as voorspellings beskou word nie.

Die BFAP is 'n gesamentlike projek gesetel by die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Stellenbosch en die Wes-Kaapse departement van landbou. Die lys van medewerkers wat aan die opnames, ontledings en vooruitskouings deelneem, sluit veertig ontleders en kundiges in. Die maatskappy werk met verskeie buitelandse organisasies saam en is lid van die nuutgestigte Navorsingsinstituut van Landboubeleid in Oos- en Suider-Afrika.

Die BFAP se vooruitskouings word op verskeie aannames gegrond. Een van die belangrikste aannames is dat gemiddelde weerstoestande in Suider-Afrika en wêreldwyd sal heers. Die makro-ekonomiese situasie word ontleed met aannames wat op projeksies van die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds gegrond is. Ander aannames waarop vooruitskouings berus, is ekonomiese, tegnologiese, omgewings- en politieke en staatkundige faktore.

Marktoestande is egter baie wisselvallig en die BFAP waarsku dat die moontlikheid vir afwykings van vooruitskouings baie hoog is. Die BFAP maak nie voorspellings nie maar gee aanduidings van verwagtings. ♡



Beter koringtoestande in Vrystaat, swakker in Wes-Kaap, voorspel klimatologiese model



KORING SE OPBRENGS in die Vrystaat kan volgens 'n Duitse klimatologiese model met 1 ton/ha styg en in die Wes-Kaap daal. Gesamentlik bereken sal dié klimaatvoorspelling lei tot 'n jaarlikse afname van meer as 100 000 ton koring in Suid-Afrika, sê die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP).

Die BFAP het 'n ondersoek gedoen oor klimaatverandering en aanpassings wat voedselsekerheid raak. Modelle is gebruik in vier moontlike klimaatverskynsels vir voorspellings van 2014 tot 2013. Die maandelikse reënval in produksiestreke is vir die modelle in aanmerking geneem.

Die Max Planck-instituut in Duitsland se model het die minste verandering in reënpatrone voorspel, maar terselfder tyd bevind dat dit die grootste uitwerking op koring- en mielieproduksie in Suid-Afrika kan hê.

Daarvolgens kan jaarlikse winterreën in die somerproduksiegebiede – wat meerendeels die Vrystaat is – toeneem en by koring 'n opbrengsverhoging van meer as 1 ton/ha tot gevolg hê. Dit sal volgens die BFAP egter nie 'n toename in aanplantings tot gevolg hê nie, weens die gunstiger winsgewendheid van mielieproduksie in dié gebiede.

In Suid-Afrika se winterkoringstreke, wat meerendeels die Wes-Kaap is, voorspel die Duitse model effens minder reën in die wintermaande en 'n afname in produksie.

Die gekombineerde gevolg van hoër opbrengs in die Vrystaat en 'n afname in die Wes-Kaap is volgens dié model 100 000 ton minder koring. Dit behoort volgens die BFAP nie die plaaslike koringprys te beïnvloed nie, omdat die prys op invoerpariteit gebaseer is en na verwagting so sal bly. Dié vooruitskouing is volgens 2013 se koringverbruik toe meer as 50% ingevoer is. ♣

Nuwe vermoeringsaanleg kan garshandel laat balanseer

Die vooruitgang van die internasionale biermark het die vraag na moutgars en die verhandeling daarvan versterk, ondanks wêreldwye ekonomiese toestande. Voldoende garsvoorsiening en die daling van graanpryse het egter meegebring dat moutgars se prys in 2015 verswak. Die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) verwag dat moutgars se internasionale prys weens

die mededinging vir beskikbare oppervlakte tot in 2024 dieselfde tendens as die koringprys gaan volg.

Plaaslik kan aanplantings in 2015 met 10 000 ha toeneem teenoor 2014 se oppervlakte. Die vergrote vermoeringskapasiteit in die noorde kan wel die groter plaaslike produksie absorbeer, maar invoer kan volgens die BFAP na verwagting in 2015 steeds 'n klein

toename toon. Oor die volgende tien jaar kan 'n groter oppervlakte onder gars en die volgehoue verbetering van opbrengs effens meer as die verbruik wees, wat kan veroorsaak dat die invoer van gars verminder. Indien die plaaslike oes se gehalte aan biervervaardigers se vereistes voldoen, kan plaaslike vraag en aanbod balanseer en invoer afneem. ♣

Só verminder navorsing die risiko van uitloop in are

Vordering met uitloopweerstandnavorsing in afgelope 20 jaar

Twintig jaar gelede het reën in strooptyd groot kopsere veroorsaak. Koring wat in die aar uitloop is nutteloos en ongelukkig het 70% van die beskikbare kommersiële kultivars nie uitloopweerstand gehad nie. Vandag lyk sake heelwat anders – danksy kultivarontwikkeling is uitloop in die aar 'n kleiner risiko.

Dr Annelie Barnard

LNR-KLEINGRAANINSTITUUT, BETHLEHEM, 'N INSTITUUT VAN DIE LNR GEWASPRODUKSIE-AFDELING



Figuur 1. Ryp koring kan in die aar begin ontkiem voordat dit gestroop word.



Figuur 2. Variasie in uitloopweerstand tussen kultivars. Die kultivars aan die linkerkant het beter uitloopweerstand as kultivars aan die regterkant.

Weens die weglating van 'n figuur en kernteks in die publiserings van hierdie artikel in die vorige uitgawe van *Koringfokus / Wheat Focus* word dit hier volledig herhaal.

Kommersiële koringkultivars se uitloopweerstand is in 1991 die eerste keer geëvalueer. Daar was toe slegs 17 kultivars in die proewe waarvan net vyf uitstekende uitloopweerstand getoon het. Sewentig persent van alle kultivars wat in die vroeë 1990's vir kommersiële produksie beskikbaar was, het gevolglik vir produsente 'n groot risiko ingehou wanneer dit tydens strooptyd gereën het.

Reën en vogtige toestande in strooptyd se kritiese weke kan daartoe lei dat ryp koring in die aar vog absorbeer en begin ontkiem (**Figuur 1**). Dit word uitloop in die aar genoem en is 'n probleem wat menige produsent hande in die hare laat sit het.

Sodra koring begin ontkiem, verlaag die graan se kwaliteit. Dit hou groot ekonomiese implikasies vir die produsent in, omdat hierdie graan waardeloos vir die verbruiker is – in hierdie geval die meulenaars. Sulke koring kan ook nie opgeberg word nie en is dus nutteloos.



Figuur 3. Reënabootser waarin are vir uitloopweerstand getoets word.

Voorkoming


Hoewel bestuurspraktyke tot 'n sekere mate die uitloop in die aar kan help voorkom, is die beste manier om dit te verhoed die ontwikkeling van kultivars met hoë vlakke van dormansie. Dormansie is die term wat gebruik word om die vertraging in ontkieming te beskryf. Selfs al word 'n saad aan die optimum toestande vir ontkieming onderwerp (met ander woorde genoeg water, voldoende lig en die regte temperatuur), sal 'n saad met hoë vlakke van dormansie nie ontkiem nie.

Dormansie word deur verskeie gene beheer en hoe meer van hierdie gene in 'n kultivar teenwoordig is, hoe beter sal die kultivar se uitloopweerstand wees. In **Figuur 2** is die variasie in uitloopweerstand tussen 'n paar kultivars duidelik waarneembaar. Kultivars wat maklik uitgeloopt het, het dus óf minder weerstandsgene óf minder effektiewe weerstandsgene. Om egter die beste kombinasie van gene vir uitloopweerstand te identifiseer, is 'n perd van 'n ander kleur.


Uitloopweerstand kan verder deur die effek van omgewingstoestande beïnvloed word. Daarom is die akkuraaste manier om uitloopweerstand te bepaal, die gebruik van are wat op dieselfde fisiologiese stadium in die veld geoes word. Hierdie are word dan in 'n reënabootser vir uitloopweerstand getoets (**Figuur 3**).

Evaluerings en data


Al die kultivars wat kommersieel beskikbaar is, asook die vroeë teeltlyne van



Figuur 4: Aanduiding van hoe uitloopweerstand in droëlandkoringkultivars oor die afgelope 20 jaar verbeter het.



Figuur 5: Aanduiding van hoe uitloopweerstand in besproeiingskoringkultivars oor die afgelope 20 jaar verbeter het.



Figuur 6: Aanduiding van uitloopweerstand in kultivars wat in die Wes-Kaap geplant word.

die LNR-Kleingraaninstituut se teeltprogramme, word jaarliks vir uitloopweerstand geëvalueer. Oor die afgelope 20 jaar is meer as 120 koringkultivars van al drie saadmaatskappye getoets. 'n Baie goeie databasis van kultivars se uitloopweerstand is gevolglik deur die jare opgebou.

Figuur 4 (droëlandkultivars) en **Figuur 5** (besproeiingskultivars) beeld die prentjie van die afgelope twintig jaar uit, sonder om na spesifieke kultivars te verwys.

In **Figuur 4** word die kultivars wat

in 'n spesifieke jaar geëvalueer is, op grond van uitloopweerstand in een van vier groepe ingedeel. Elke groep kry 'n persentasie, afhangend van die hoeveelheid kultivars wat in daardie spesifieke jaar geëvalueer is. Die waarde wat elke kultivar in 'n jaar behaal het, is die gemiddeld van drie verskillende lokaliteite.

Aan die begin van die 1990's toe die uitloopweerstandprogram geïnisieer is, het die meeste droëlandkultivars swak uitloopweerstand gehad. Dit word aangedui deur die rooi kleur in **Figuur 4**.

As gevolg van deurlopende evalueringe en konstante aanpassings in die teeltprogramme, het die situasie sodanig verbeter dat slegs drie van die twintig kultivars (15%) wat tans kommersieel verbou word, swak uitloopweerstand het, teenoor die amper 60% in 1991.

Ook by besproeiingskultivars was daar 'n groot afname in die hoeveelheid kultivars met swak uitloopweerstand (**Figuur 5**). Oor die algemeen het besproeiingskultivars egter nie dieselfde mate van uitloopweerstand as droëlandkultivars nie. Hoewel daar min besproeiingskultivars is wat in verlede jaar se proewe swak uitloopweerstand getoon het, is daar ook min kultivars met uitstekende uitloopweerstand. Die meerderheid kultivars se weerstand wissel tussen goed en matig.

Meer onlangs is begin om kultivars wat in die Wes-Kaap geplant word, te evalueer. Van hierdie evalueringe is egter nog net ses jaar se data beskikbaar. Die Wes-Kaap se kultivars beskik oor baie goeie uitloopweerstand. Met die uitsondering van twee uit die veertien wat tans verbou word, het die ander kultivars almal goeie of uitstekende uitloopweerstand.

Samevatting

Oor die afgelope twintig jaar het 'n baie groot verbetering in die uitloopweerstand van veral droëlandkultivars voorgekom. Dit is baie goeie nuus vir produsente, aangesien die bestuur van uitloop 'n onbegonne taak is. Vir die meeste produsente is dit onmoontlik om koring teen 20% vog te stroop en daarna te droog, aangesien drogingsfasiliteite nie altyd beskikbaar is nie.

Dit is selfs nie altyd moontlik om betyds te stroop nie en indien 'n kultivar met swak uitloopweerstand geplant is, is die risiko baie groot dat daardie kultivar se kwaliteit gaan verlaag. Dit behoort vir produsente 'n riem onder die hart te wees dat soveel vordering met uitloopweerstand in kultivars gemaak is en dat die risiko ten opsigte van uitloop grotendeels vir hulle verminder is.

Die LNR-Kleingraaninstituut is steeds besig om jaarliks alle kommersiële kultivars vir uitloopweerstand te evalueer. Vroeë teeltlyne word ook aan kunsmatige reën blootgestel sodat probleme met uitloopweerstand vroeëtydig uitgesorteer kan word. Vir enige navrae, skakel gerus die LNR-KGI by 058 307 3400. ♡

EENJARIGE GEWASSE EN AANGEPLANTE WEIDINGS: Onkruidodders voorkom benadeling van die oes en gehalte

Die gebruik van onkruidodders is doeltreffend, vinnig en ekonomies. Dit voorkom opbrengsverliese deur onkruid se mededinging en verhoog die oes se gehalte. Die sleutel tot 'n goeie onkruidbestuursprogram is die korrekte identifikasie van onkruidspesies.

In goed gevestigde weidings is onkruid gewoonlik nie 'n groot probleem nie, maar in pas gevestigde aanplantings is dit 'n ander storie. Onkruidbeheer kan die verskil tussen sukses en mislukking meebring. 'n Praktyk wat al meer veld wen, is om die laaste bewerking voor planttyd, wat hoofsaaklik op onkruidbeheer gerig is, met chemiese onkruidbeheer te vervang. Sodoende bly die boonste grondlagie onversteurd, wat help om die saadbed nog ferm te kry. Dit voorkom ook dat onkruidse na die oppervlakte gebring word.

Volgens dr Charlie Reinhardt, 'n buitengewone hoogleraar in onkruidwetenskap aan die Universiteit van Pretoria en dekaan van die Villa Academy, is voorplant-toediening van onkruidodders, wat nie 'n nawerking (residuele werking) in grond het nie, 'n uiters doeltreffende manier om vooraf die getal onkruid in 'n land wat met enige gewas beplant gaan word, te beperk. Deur onkruid toe te laat om op te kom voordat die gewas geplant word en dan met 'n nie-selektiewe onkruidodder soos Roundup Turbo® (aktiewe bestanddeel: glifosaat) te beheer, is die beste manier om die onkruid se "saadbank" in grond uit te put. Sukses hiermee beteken dat minder

onkruid later in die seisoen gaan opkom.

Dit is reeds bewys dat onkruidodders na ongeveer vyf dekades van intensiewe gebruik steeds die mees ekonomiese metode is om onkruid by eenjarige gewasse en aangeplante weiding te bestry. Wanneer vinnige resultate in natuurlike veld nodig is, kan onkruidodders ook in hierdie situasie die mees ekonomiese en doeltreffendste metode wees.

By eenjarige gewasse of aangeplante weiding word met onkruidbestuur beoog om te verhoed dat onkruid tot so 'n mate met die groei van die gewas inmeng, dat opbrengsverlies die gevolg is. Beide die kwantiteit en kwaliteit van die gewas is ter sprake, aangesien nie net die geoeste massa van die produk belangrik is nie, maar ook die gehalte daarvan. Toksiese onkruid in weiding is byvoorbeeld 'n gehalteprobleem.

Onkruidodders vergroot die moontlikhede van onkruidbeheer, want die werking daarvan is baie minder afhanklik van omgewingsfaktore, soos klimaat en grondsoort, as met byvoorbeeld meganiese beheer. As die grond te nat is om te bewerk, kan onkruidodders toegedien word en juis dan baie goeie werking hê. Daarby kan onkruidodders deur die besproeiingstelsel of met 'n vliegtuig toegedien word.

Die belangrikste doelwit van onkruidbeheer moet wees om te verhoed dat onkruid die gewas se groei en ontwikkeling belemmer. Onkruidodders se sterkste eienskap is juis om te voorkom dat onkruid die gewas se water, voedingselemente en lig "steel" op die gewas se gevoeligste stadiums van ontwikkeling.

Navorsing het by herhaling bewys dat die eerste drie tot ses weke nadat ge-

wassaad geplant is, krities is vir die negatiewe uitwerking van onkruid op die gewas. Tydens hierdie kritieke tydperk moet daar so min onkruid as moontlik in die land wees wat met die gewasplant se groei kan inmeng. Alle onkruid kan reeds voor die vestiging van 'n gewas of weiding beheer word met sistemiese plantdoders (bv. Roundup® Turbo) of dit kan met kontakdoders doodgespuit word.

Daar moet egter duidelik onderskei word tussen breëblaar- en grasonkruid wat probleme in aangeplante weidings kan veroorsaak. Terwyl grasonkruid 'n meer algemene probleem in weidings is, kan dit chemies makliker in suiwer peulgewasweidings beheer word as breëblaaronkruid. Min onkruidodders is beskikbaar wat tussen grasonkruid en grasweiding, en tussen breëblaaronkruid en peulgewasweiding, kan onderskei. Daarteenoor kan breëblaaronkruid makliker in grasweidings en kleingrane, wat op 'n peulgewasweiding volg, beheer word. Die sleutel tot 'n goeie onkruidbestuursprogram op enige grond is die korrekte identifikasie van onkruidspesies wat teenwoordig is.

Dit word ook sterk aanbeveel dat 'n onkruidbeheeragent geraadpleeg word voor die aankoop van enige onkruidodder en dat hulle raad gevolg word wanneer die lande bespuit word. Dit is 'n ingewikkelde bedryf en alle agente moet van tyd tot tyd eksamens skryf en so op hoogte wees met die mees doeltreffende mengsels en die wetgewing ten opsigte van die gebruik van landbouchemikalieë. ♣

Roundup Turbo® bevat 450 g glifosaat/L. Roundup® en Roundup® Turbo is geregistreerde handelsmerke van Monsanto LLC. Raadpleeg altyd die produk-etiket.

Chemiese onkruidbeheer is meer ekonomies omdat dit doeltreffender is en uitgawes vir arbeid, brandstof en masjinerie-slytasie verminder. Bespuiting gebruik 60% minder trekkerure as konvensionele bewerking.



Die regte kombinasie in die stryd teen onkruid.

Suksesvolle onkruidbeheer in **Roundup Ready**[®]-mielies verg bloot die perfekte kombinasie van puik produkte, soos Monsanto se **Roundup PowerMAX**[®]-produk wat deel uitmaak van 'n onoortreflike onkruidbeheerprogram vir mielies.

Roundup PowerMAX[®]:

- Is effektief – as enkelprodukt of in kombinasie met geregistreerde produkte!
- Waarborg gewasveiligheid!
- Is reënvas binne een uur na toediening – effektiewe, vinnige opname selfs onder ongunstige toestande!

Roundup PowerMAX[®] plaas jou in beheer.

Vir doeltreffende onkruidweerstandbestuur beveel Monsanto aan dat Roundup PowerMAX[®] met ander geregistreerde produkte gekombineer moet word in 'n onkruidbeheerprogram.



Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kliënte is welkom om ons op ons kliëntediens-telefoonnommer of e-posadres te kontak:
011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

Roundup PowerMAX[®] bevat glifosaat 540 g/ℓ. Versigtig. Reg. No. L7769 (Wet No. 36 van 1947).
Gebruik onkruid doders op 'n veilige manier. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik.

Monsanto, Roundup Ready[®] en Roundup PowerMAX[®] is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.

Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

MONSANTO



DIE KÖRINGMARKSITUASIE



Nico Hawkins en Sanet Flynn,
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

INTERNASIONALE KORINGSITUASIE

Produksie (2014/15)

Die Internasionale Graanraad (IGR) het die wêreldproduksie van koring vir die 2014/15-seisoen op 'n rekordhoeveelheid van 720,8 miljoen ton geraam, wat 7,1 miljoen ton meer is as die 2013/14-seisoen se totale produksie.

Die EU, die wêreld se grootste koringprodusent, se lewering word op 156,2 miljoen ton geraam, gevolg deur China met 126,2 miljoen ton. Die grootste toenames in produksie kom voor in die EU (+13,1 miljoen ton), en Rusland (+7,6 miljoen ton), terwyl die grootste afname in produksie vir Kanada (-8,2

miljoen ton) en die VSA (-3,0 miljoen ton) voorspel is (**Tabel 1**).

Verbruik (2014/15)

Die totale wêreldverbruik word tans op 707,1 miljoen ton geraam, 10,7 miljoen ton meer as in die 2013/14-seisoen. Daarvan is 478,3 miljoen ton vir menslike verbruik, 138,5 miljoen ton vir dierevoer en die res vir industriële verbruik (**Tabel 1**).

Voorraadvlakke (2014/15)

Wêreld-eindvoorraadvlakke word op 201,9 miljoen ton geskat, wat 13,7 miljoen ton meer is as die 188,2 miljoen ton (**Tabel 2**) aan die einde van die vorige seisoen.

Internasionale pryse

Op 25 Augustus 2015 was die prys van VSA HRW # 2, volgens die Kansas City Board of Trade, vir lewering in September 2015, \$171,22 (-27,86% dieselfde tydperk van vorige jaar). Desember 2015 se kontrakprys was \$179,67 (-26,09% dieselfde tydperk van vorige jaar) (**Grafiek 1, Tabel 3**).

Vooruitsigte (beramings) vir 2015/16

Die IGR raam die wêreldproduksie vir die 2015/16-seisoen op 710,3 miljoen ton. Dit is sowat 10,5 miljoen ton minder as die rekordoes van 2014/15.

Na verwagting gaan aanplantings 224,0 miljoen ha wees, wat effens meer as die vorige seisoen is. Daar word egter verwag dat opbrengste ongeveer 2% minder kan wees.

Verbruik vir die 2015/16-seisoen word effens meer op 711,5 miljoen ton geraam.

Na verwagting kan koring vir menslike verbruik in die 2015/16-seisoen tot 483,8 miljoen ton toeneem (+5,5 miljoen ton) teenoor die 2014/15-seisoen. Dit is grootliks as gevolg van 'n toename in voedselverbruik wat toegeskryf word aan 'n konstante groei in die wêreldbevolking.

Skeepsvragekoste

Volgens die IGR het dit op 25 Augustus 2015 ongeveer \$29 per ton gekos om koring in 'n klein skip vanaf Argentinië na Suid-Afrika te verskeep, dieselfde tarief as 'n jaar gelede. Groter skeepsvrage vanaf die Golf van Meksiko (VSA koring) kos tans \$36 per ton, wat ook dieselfde tarief is as 'n jaar gelede.

Tabel 1. Wêreldvraag en -aanbod.

2014/15	Produksie mil ton (A)	Totaal % (A)	Verbruik mil ton	Invoer mil ton	Uitvoer mil ton	Voorraad mil ton
Australië	23,7	3,3	6,7	0,0	17,3	5,5
EU ^(a)	117,2	21,7	121,4	6,1	36,8	13,6
Frankryk	39,0	5,4				
Indië	95,9	13,3	93,3	0,1	3,4	17,3
Kanada	29,3	4,1	10,0	0,1	23,0	6,7
Rusland	59,7	8,3	36,5	0,3	21,8	7,8
China	126,2	17,5	121,9	1,9	0,3	64,6
VSA	55,1	7,6	31,3	3,9	23,3	20,5
Res	174,7	18,8	286,0	142,0	28,5	65,9
Totaal	720,8	100,0	707,1	154,4	154,4	201,9

(a) EU = min Frankryk
Bron: IGC se GMR: 30 Julie 2015

Tabel 2. Vraag en aanbod – RSA vs internasionaal.

Bemerkingsjaar Okt - Sep	RSA		Internasionaal	
	Finaal 2013/14 ^(a) '000t	Projeksie: 2014/15 '000t	Skatting: 2013/14 ^(e) Mil ton	Projeksie: 2014/15 ^(e) Mil ton
Beginvoorraad	489,3	488,5	170,9	188,2
Lewerings/Produksie	1 817,0	1 715,0	713,7	720,8
Invoer	1 668,4	1 800,0	156,3	154,4
Totale aanwending	3 200,3 ^(c)	3 133,0 ^(c)	696,4	707,1
Uitvoer	268,5 ^(a)	308,0 ^(a)	156,3	154,4
Eindvoorraad	488,5 ^(b)	557,5 ^(b)	188,2	201,9

(a) Sluit in koringekwivalent van koringprodukte uitgevoer.
(b) Alle voorrade, ongeag die eienskaps daarvan, in kommersiële strukture.
(c) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers.
(d) Bron: NAMC, S&DEC - 31 Julie '15 & IGC: Graan Mark Verslag 30 Julie '15

Tabel 3. Jongste koringpryse teenoor vorige pryse.

	2015/08/25 Prys R	% Maand op maand	2015/07/24 Prys R	% Jaar op jaar	2014/08/25 Prys R
SAFEX					
Sep '15	4 098,00	2,48	3 999,00	10,31	3 715,00
Des '15	4 145,00	6,58	3 889,00	13,50	3 652,00
	2015/08/25 Prys \$	% Maand op maand	2015/07/24 Prys \$	% Jaar op jaar	2014/08/25 Prys \$
KCBT					
Sep '15	171,22	-8,12	186,36	-27,86	237,36
Des '15	179,67	-7,25	193,71	-26,09	243,09

Bron: SAFEX en KCBT

Tabel 4: Invoerpariteitspryse van koring op 25 Augustus 2015.

Voorbeeld van hoe invoerpariteitspryse bereken kan word.	VSA HRW Golf	VSA DNS	Argentynse Trigo Pan	EU Duitsland B kwaliteit
	09/2015	09/2015	08/2015	08/2015
VAB waarde \$/t	213,00	227,00	225,00	202,00
	R/t	R/t	R/t	R/t
Koste, versekering & vrag (KAV)	3 281,82	3 466,39	3 348,07	3 057,94
VOS: Kaapstad	3 932,69	4 118,70	3 999,45	3 707,06
: Durban	3 969,69	4 155,70	4 036,45	3 744,06
Gelewer: Randfontein	4 401,78	4 587,79	4 468,54	4 176,15
Teenoor 26 Augustus 2014	3 964,58	4 483,89	3 759,19	3 575,15

Bron: SAGIS

PLAASLIKE KORINGSITUASIE

Plaaslike rapportering is vanaf 1 Oktober 2014 – 31 Julie 2015 vir die 2014/15-bemarkingsjaar.

Produksie

Die Nasionale Oesskattingkomitee (NOK) se finale produksieskatting vir die 2014/15-seisoen toon 'n oesgrootte van 1 750 000 ton.

Die oppervlakteskatting vir die 2015/16-produksieseisoen is 477 650 ha, met die eerste oesskatting op 1 690 975 ton, wat 59 025 ton minder is as in die vorige seisoen.

Sedert 1 Oktober 2014 is 1 700 531 ton koring in kommersiële strukture gelewer, wat 6,2% minder is as in die vorige jaar.

Invoer / uitvoer

Volgens SAGIS se weeklikse inligting is 1 584 799 ton koring op 21 Augustus 2015 vir die RSA ingevoer. Die meeste daarvan kom van Rusland (475 150 ton) en Duitsland (362 250 ton). Koringuitvoer vir dieselfde tydperk beloop 259 311 ton. Die meeste is na Zimbabwe (80 274 ton) en Botswana (66 181 ton) uitgevoer (**Grafiek 2 en 3**).

Die Landbou-bemarkingsraad se Vraag- en Aanbodkomitee beraam dat 1 800 000 ton koring in die 2014/15-bemarkingsjaar ingevoer moet word, teenoor die 1 668 412 ton in die vorige jaar (**Tabel 2**).

Verbruik

Vanaf 1 Oktober 2014 tot 31 Julie 2015 is 2 582 407 ton koring vir die binnelandse mark verwerk. Dit sluit produsent-onttrekkings, saad en eindverbruikers in. Koring wat vir veevoerdeleindes aangewend is, het 2 685 ton beloop (-95,0% dieselfde tydperk in die vorige jaar) (**Grafiek 4**).

Die Vraag- en Aanbodkomitee beraam dat 3 133 000 ton in die 2014/15-bemarkingsjaar vir die binnelandse mark verwerk gaan word, teenoor 'n finale syfer van 3 200 254 ton in die vorige jaar (2,1% minder).

Voorraadvlakke

Die onaangewende voorraad op 31 Julie 2015 was 877 197 ton (+9,9% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). Die Vraag- en Aanbodkomitee raam die eindvoorradadvlak vir die 2014/15-seisoen op 557 526 ton, teenoor die 488 526 ton in die vorige jaar (**Tabel 2**).

Plaaslike koringpryse

Safex se koringpryse vir lewering in September 2015 (R4 098,00) was op 25 Augustus 2015, 10,31% hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die vorige seisoen, terwyl pryse vir lewering in Desember 2015 (R4 145,00), 13,50% hoër is as in die ooreenstemmende tyd verlede jaar (**Tabel 3 en Grafiek 5**).

Die vergelykende invoerpariteitspryse gelewer in Randfontein (**Tabel 4**) het tussen R4 587,79 (VSA DNS) en R4 176,15 (EU Duitsland) gewissel, afhangende van die land van oorsprong. ♡

Bronne

SAGIS (SMB 25/08/2015)

IGR (GMR 30/07/2015)

Safex

NOK (26/08/2015)


USDA (25/08/2015)

NLBR (31/07/2015).


Figuur 1. VSA HRW koringpryse.




Figuur 2. RSA koringinvoer per oorsprong - 2014/15.



Figuur 3. Koringuitvoer na Afrika - 2014/15.



Figuur 4. RSA koringproduksie, invoer en verbruik.



Figuur 5. Koring Safex-termynpryse.



GARS, HAWER & KANOLA SE MARKSITUASIE



Nico Hawkins en Sanet Flynn,
SA GRAANINLICHTINGSDIENS

GARS Internasionaal

Gars se wêreldproduksie vir die 2014/15-seisoen word op 140,8 miljoen ton beraam, 3,8 miljoen ton minder as in die vorige seisoen (**Tabel 1**). Voorgenome produksie vir die 2015/16-seisoen word op 135,7 miljoen ton beraam, wat 5,1 miljoen ton minder is as in die 2014/15-seisoen.

Verbruik vir die 2014/15-seisoen word op 140,7 miljoen ton beraam, waarvan 93,6 miljoen ton vir dierevoer, 30,0 miljoen ton vir industriële verbruik en 7,2 miljoen ton vir menslike verbruik is. Na verwagting gaan die internasionale garsvoorraad op 26,1 miljoen ton afsluit, wat 0,1 miljoen ton minder is as in die vorige seisoen.

Plaaslik

Die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) se finale produkieskatting vir die 2014/15-seisoen toon 'n oesgrootte van 302 000 ton.

Volgens die NOK is die plantvoorneme vir die 2015/16-produksieseisoen 93 730 ha. Die eerste produkieskatting vir die 2015/16-seisoen toon 'n oesgrootte van 334 033 ton, wat 32 033 ton meer is as in die 2014/15-seisoen.

Teen die einde van Julie 2015 is 290 951 ton gars vir die 2014/15-bemarkingsjaar in RSA se kommersiële strukture gelewer. Gedurende dieselfde tydperk is 74 369 ton moutgars en 93 776 ton mout (gars-ekwivalent) ingevoer. Vir binnelandse verbruik is 243 116 ton gars verwerk, wat onttrekkings deur produsente, saad en gars wat aan eindverbruikers vrygestel is, insluit (-9,0% vir dieselfde tydperk in die vorige jaar) (**Grafiek 1**).

HAWER Internasionaal

Hawer se wêreldproduksie vir die 2014/15-seisoen word op 23,1 miljoen ton beraam, teenoor 23,7 miljoen ton in die vorige seisoen. Die voorgenome produksie vir die 2015/16-seisoen word op 23,3 miljoen ton beraam.

Die totale wêreldverbruik vir die 2014/15-seisoen word op 22,1 miljoen ton beraam, waarvan 14,7 miljoen ton vir dierevoer en 4,7 miljoen ton vir menslike verbruik is. Die eindvoorraad word op 3,9 miljoen ton (+1 miljoen ton) beraam (**Tabel 1**).

Plaaslik

Produsente het 23 711 ton hawer sedert 1 Oktober 2014 in kommersiële strukture gelewer (-15,4% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). Vir binnelandse verbruik is 41 635 ton verwerk, wat onttrekking deur produsente, saad en hawer wat aan eindverbruikers vrygestel is, insluit (-12,2% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). Altesaam 45 279 ton hawer is ingevoer. Die onaangewende voorraad op 31 Julie 2015 was 27 469 ton (65,4% van dieselfde tydperk in die vorige jaar).

KANOLA Internasionaal

Kanola se wêreldproduksie vir die 2014/15-seisoen word op 71,8 miljoen ton beraam. Die totale verbruik word op 71,7 miljoen ton beraam en die eindvoorraad op 6,9 miljoen ton (**Tabel 1**).


Vir die 2015/16-seisoen word die wêreldproduksie op 64,6 miljoen ton beraam (-7,2 miljoen ton), verbruik op 68,2 miljoen ton en die eindvoorraad op 3,4 miljoen ton (-3,5 miljoen ton as in die 2014/15-seisoen).

Tabel 1. Gars, hawer en kanola vraag en aanbod.


Bemarkingsjaar Okt - Sep	RSA (SAGIS): Voorlopig 2014/15 ^(a)			Internasionaal: Vooruitskatting 2014/15		
	Gars '000t	Hawer '000t	Kanola '000t	Gars Mil ton	Hawer Mil ton	Kanola Mil ton
Beginvoorraad	143,8	10,7	29,4	26,0	2,9	7,0
Lewerings/Produksie	291,0	23,7	120,2	140,8	23,1	71,8
Invoer	74,4	45,3	0,0	29,8	2,3	14,0
Aanwending	260,8 ^(b)	51,5 ^(b)	89,0 ^(b)	140,7	22,1	71,7
Uitvoer	2,3	0,1	0,0	29,8	2,3	14,2
Res ^(c)	-2,2	0,6	-2,2			
Eindvoorraad	248,3 ^(d)	27,5 ^(d)	62,8 ^(d)	26,1	3,9	6,9

- (a) Inligting progressief: Oktober 2014 - Julie 2015
 - (b) Ingesluit produsente-onttrekkings, saad en eindverbruikers
 - (c) Netto van surplusse, tekorte ens. en balanseersyfer
 - (d) Alle voorrade, ongeag die eienaarskap daarvan, in kommersiële strukture
- Bronne: SAGIS - 25 Augustus '15, GMR - 30 Julie '15, USDA - 25 Augustus '15

Figuur 1. RSA garsproduksie, invoer en verbruik.



Figuur 2. Oesskattingskomitee: Kanola 2004/05 – 2015/16.





Plaaslik

Die NOK se finale produksieskatting vir die 2014/15-seisoen toon 'n oesgrootte van 121 000 ton. Die NOK het plantvoornemens vir die 2015/16-produksieseisoen op 85 000 ha vasgestel. Die eerste produksieskatting vir die 2015/16-seisoen toon 'n oesgrootte van 112 000 ton, wat 9 000 ton minder is as in die 2014/15-seisoen (**Grafiek 2**).

Teen 31 Julie 2015 is 120 204 ton kanola gelever (+8,2% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). Vir die kommersiële mark is 88 987 ton verwerk, waarvan 159 ton vir dierevoer en 88 828 vir olie en oliekoek aangewend is. Die onaangewende voorraad is 62 769 ton (+34,8% van dieselfde tydperk in die vorige jaar). 🌱

Bronne

SAGIS (SMB 25/08/2015)
IGR (GMR 30/07/2015)
Safex
NOK (26/08/2015)
USDA (25/08/2015)
NLBR (31/07/2015).



Meer organisasies by dieselfde adres

Die Wintergraantrust en SA Graaninligtingsdiens (SAGIS) het onlangs hul kantoor na die Graangebou, Agri-hub Kantoorpark in The Willows, Pretoria verskuif. Verskeie graan- en landbouverwante organisasies bevind hulle nou by hierdie adres. Graan SA is langsaan by die Alenti-kantoorpark met dieselfde straatadres.

Organisasies wat reeds in die Graangebou gevestig is of binnekort soontoe verskuif, sluit die volgende in:

SA Graanlaboratorium (SAGL),
Landboubesigheidskamer (Agbiz),
Graansilo-industrie (Agbiz Grain),
die Veevoervervaardigersvereniging (AFMA),
die Meulenaarskamer (NCM),
die Graanmeulenaars-akademie,
Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP),
Graanboerontwikkelingsvereniging (GFADA) en
Mzansi Fruit SA.

L&L Landboudienste, wat onder meer die administrateurs van die Mielietrust, Mielieforum, Koringforum, Sorghumtrust, Sorghumforum en Sasol-landboutrust is, is in dieselfde gebou. Leon du Plessis van L&L Landboudienste sê hulle is baie tevrede met die graanverwante verteenwoordiging in die Graangebou en kantoorpark en werf nog huurders.

Wintergraantrust

Die Wintergraantrust se nuwe besonderhede is soos volg:
Blok C, Agri-hub Kantoorpark, Witheriteweg 477,
The Willows, Pretoria 0040.
Posbus 7088, Centurion 0046.
Tel: +27 (0)12 007 1200/1
Faks: 086 617 9409
E-pos: awie.coetzee@wctrust.co.za
Selfoon: 082 379 1451

SA Graaninligtingsdiens (SAGIS)

SAGIS se nuwe besonderhede is soos volg:
Graangebou (2e Vloer), Witheriteweg 477,
The Willows, Pretoria 0040
Postnet Suite 534, Privaatsak X1, Equestria 0041
Tel: +27 (0)12 941 2050
Faks: +27 (0)12 349 9200
E-pos: info@sagis.org.za
Alle ander e-posadresse van SAGIS is onveranderd. 🌱

Instituut se kleingraannavorsing onder die vergrootglas

Nie baie maatskappye se navorsing word nasionaal deur alle rolspelers in die betrokke bedryf goedgekeur nie. Dít is die proses waaraan die LNR-Kleingraaninstituut (LNR-KGI) se navorsingsaktiwiteite onderwerp word.

Dr Annelie Barnard,
LNR-KLEINGRAANINSTITUUT,
'N INSTITUUT VAN DIE LNR
GEWASPRODUKSIE-AFDELING

Die Instituut hou jaarliks 'n vergadering waar rolspelers in 'n komitee die geleentheid kry om moontlike nuwe navorsingsbehoefte te identifiseer. Terselfdertyd word die LNR-KGI se bestaande navorsing gekoördineer om seker te maak dat die navorsing praktykgerig is dat die hele waardeketting se behoeftes aandag kry. Tydens die vergadering lewer die Instituut se navorsingsbestuurders vorderingsverslae.

'n Belangrike faktor is voedselveiligheid en voedselsekerheid. Vir die LNR-KGI is dit belangrik om plaaslike koringproduksie te verhoog en om produsente in staat te stel om winsgewend te boer. Goeie tegnologie moet gebruik word sodat die hele waardeketting, van plaasvlak tot by die verbruiker, suksesvol is.

Die verteenwoordigers by die vergadering was afkomstig van Graan SA, die Wintergraantrust, verskeie universiteite, die nasionale en provinsiale departemente van landbou, die SA Kamer van Bakwese, CenGen (Edms) Bpk, die Landbounavorsingsraad en kommersiële koringprodusente. Twee bekende navorsers in koringkringe, naamlik prof Sakkie Pretorius van die Universiteit van die Vrystaat en dr Renée Prins van Cengen het bydraes gelewer.

Prof Pretorius het in sy lesing verwys na verskeie roessiekte in kleingraan en hoe moeilik beheerbaar dit is. Die eerste gedokumenteerde publikasie waarin na roes by koring verwys word, dateer terug tot 1726. Hy het benadruk dat bedryfsbehoefte deur hierdie navorsing aandag moet kry.

Dr Prins het uitgebrei oor die uitwerking wat nuwe tegnologiese ontwikkeling op koringnavorsing het. Sy het veral klem gelê op DNS-merkers en terugvoering gegee oor die sukses wat bereik is, ondanks verskeie uitdagings wat die toepassing hiervan in Suid-Afrika gehad het.

Tydens die vergadering is bewaringslandbou-strategieë vir die Oos-Vrystaat bespreek. Dit word tans as die enigste langtermyn-oplossing vir die kwynende koringproduksie in die Vrystaat beskou. Grondsuurheid is steeds 'n belangrike uitdaging wat bestuur moet word.

Vorderingsverslae is deur die onder-

skeie navorsingsbestuurders gelewer ten opsigte van die vordering met huidige projekte. Die afgelope jaar se navorsing is geëvalueer en teen internasionale standaard gemeet. Ná besprekings oor sekere projekte het die komitee al die huidige projekte goedgekeur en ondersteun.

Vyf nuwe projekte, wat spesifiek op bedryfsbehoefte gerig is, is aan die komitee voorgelê. In die projekte word aspekte ondersoek soos die dubbel-doel-gebruik van droëlandkultivars vir gemengde boerdery, die verbetering van broodkoring se voedingswaarde, die sukses van die verbouing van droëlandkoringkultivars onder aanvullende besproeiing, droogteverdraagsaamheid van koring en koringsiektes wat dalk al vergete is, soos Septoria en meeldou.

Hierdie projekte is almal deur die komitee ondersteun en hulle sal binnekort aan verskeie organisasies vir befondsing voorgelê word.

Hoewel die koringbedryf deur verskeie onderstrominge gaan, sal die LNR-Kleingraaninstituut aanhou om die uitdagings aan te pak. Uit 'n navorsingsperspektief beskou, wil die LNR-KGI graag die hele koringwaardeketting help om meer mededingend te raak ten einde plaaslike koringproduksie te stabiliseer. Deur hierdie behoefte-gedrewe inisiatiewe sal die LNR-KGI steeds dieselfde toegewyde navorsingsresultate lewer om die vennootskappe met al die rolspelers selfs nog verder te versterk. Hoe meer suksesvol koringprodusente en die koringbedryf is, hoe suksesvoller is die navorsers. ♡



Lede van die komitee wat die LNR-Kleingraaninstituut se navorsingsaktiwiteite evalueer en koördineer: dr Jasper Rees (LNR), prof Sakkie Pretorius (Universiteit van die Vrystaat), Joseph Mahlabe (departement van landbou), Jaco Breytenbach (kommersiële produsent, Graan SA), Petru Fourie (Graan SA), Lebogang Jack (departement van landbou, Noordwes) en dr Renée Prins (CenGen).

Bredasdorp se Venteraantrekergroep stal nie net die ou ysters naas die gesofistikeerde nuwerwetse masjinerie uit nie, hulle hou ook daaglik om elfuur 'n optog sodat besoekers die kenmerkende enjins kan hoor werk.



Agri Mega-week steun Afrika se landbou-ontwikkeling

In Suid-Afrika implementeer die Agri Mega-week en soortgelyke aksies reeds sommige strategieë om Afrika se landbouproduksie te vernuwe.

Kanayo Mwanze, president van die Internasionale Fonds vir Landbou-ontwikkeling, het die internasionale gemeenskap onlangs daaraan herinner dat Afrika enkele dekades gelede op 'n groeikoers was. Die kontinent se landbouproduksie was meer as die van Asië.

Hy vra tereg wat die afname in die vasteland se landbouproduksie veroorsaak het. Afrika se Groenewolusieforum en die Suid-Afrikaanse Nasionale Ontwikkelingsplan gee antwoorde op hierdie vrae. Die forum gee ook strategieë om Afrika se landbouproduksie te vernuwe.

Agri Mega-Week se invloed op die vasteland se landbou het gelei tot 'n

verhoogde deelname van Afrika-gebaseerde private, openbare en primêre en sekondêre sektore aan die ekspos.

Orton King, uitvoerende hoof van die Mega Groep, sê die behoefte om Afrika in te sluit het tot die Afrika-fokus van vanjaar se Agri Mega-week gelei. Gemeet aan sy doelstellings sal die ekspos oor verloop van tyd doen wat Mwanze versoek: Stel Afrika se burgers en veral die jeug weer aan landbou en die land voor.

Streef Masiyiwa, 'n Zimbabwiese sakeman, skryf onlangs dat landbou die grootste bedryf en die grootste werkgewer op die kontinent is. Dié sektor is verantwoordelik vir byna 40% van Afrika se bruto binnelandse produk en 70% van alle Afrika-inwoners is direk of indirek daarby betrokke. Uitnemende landbouprestasies dra daarom deurlopend by om ekonomiese ontwikkeling te verbreed.

Volgens mnr King grond Agri Mega-week sy Afrika-fokus op die visie om die



Orton King

vasteland se 240 miljoen mense te voed, uitvoer-oorskot te produseer, inkomste te vergroot en globale hongersnood te verminder. Vanjaar sal die Agri Mega-week daartoe bydra om die wêreld te vertel dat Afrika die primêre, volhoubare oplossing vir globale honger en voedseltekorte bied. ♡

Focus on Africa for global food security



Nuwe toerusting wat boerdery vergemaklik en werkstyd verminder word algemeen by die uitstallings aangetref, soos hierdie graanvoerder van Silo Warehouse wat verlede jaar ten toon gestel is.

Besoekers se eetweerstand word telkens beproef met heerlike eetgoed en warm drankies, soos dié wat Napier se plaasstalletjie aanbied. 'n Biertuin sorg vir afkoeling.



Wanneer kleuters van al die soetgoed se energie ontslae moet raak of vir 'n wyle veilig onder toesig moet bly, is hierdie omheinde speelterrein net die plek waar ouers ook kan rus.

Food security remains one of the biggest challenges in both the developed and developing world. The difference lies only in the size of the problem and the percentage of the population that is affected in different countries, said Sarah Kiggundu of Consultancy Africa.

From 16 to 19 September 2015 the focus on the need of food security for the world at large will shift to Mega Park in Bredasdorp when the 23th Agri Mega Week will pull the spotlight onto the role of Africa role in long-term solutions to this challenge for the planet.

In developed nations, this challenge is tackled through targeted interventions. These may include direct food relief strategies, such as the food stamp and food parcels project which could include daily or indirect, more sustainable subsidized food production.

Similar approaches are used in developing countries, unfortunately with less success. This can be attributed to an in-

ability of the disadvantaged to gain sustainable access to food.

As an agri-expo, Agri Mega Week 2014 had almost 26 000 visits. For only four days the world's eyes will be on Bredasdorp where the obstacles and opportunities for Africa as a key contributor to global food needs are to be debated on high level.

During Agri Mega Week the potential to achieve food security goals will be investigated and deliberated. According to Orton King, Group Executive Director of the Mega Group, organisers of the expo, visitors will hear more about the latest production and processing trends, which are aimed at the development of agriculture in Africa.

The latest agricultural equipment and technological breakthroughs will be exhibited. Agri Mega Week 2015 will also present the South African Ayrshire Championship 2015 as well as several other regional champions which will be crowned in the livestock section. The annual Mega youth show and children's handling of livestock remain popular. Various competitions and farm demonstrations will again be part of the program. ♡

Kleinveerasse soos die Damaraskaap en Meatmasters word saam met bekende rasse soos Dorpers, Wit Dorpers, Boerbokke en Angoras vertoon. Skeerdemonstrasies deur kampioenskeerders en 'n skaaptel-kompetisie gee nog meer kleur aan die kleinveeteenwoordigheid by Agri Mega-week.



Konvensionele en geenbewerkingplanters word voortdurend verbeter vir meer produktiewe graan- en voerproduksie. Die Piket-toerusting wat deur Carel van Niekerk-ingenieurswerke vervaardig word is 'n bekende reeks by Agri Mega-week. Hulle vervaardig planters met 13 tot 17 tande en 'n plantwydte van 3,5 m tot 5,1 m.





Groot kanonne soos Claas se Lexion 770 is groot aandagtrekkers by Agri Mega-week. Hierdie is met 'n MacDon D-65 D-tafel toegerus.



kleingraan – lewende hawe – wol – suiwel

Die regte platform vir verskaffers, diensverskaffers, landbou-ondernemings, owerhede, produsente, plaaswerkers, kleinboere en verbruikers

Algemene sake

Bredasdorp Agri Mega-park

Koördinate: S 34°31'24.61" E 20°03'02.33"

Woensdag 16 tot Saterdag 19 September 2015

Tye weksdae 09:00 tot 17:00; Saterdag 08:00 tot 16:00

Toegang: volwassenes R80; pensioenarisse R70; skoliere R30; kinders 3 tot 12 jaar R10 en jonger kinders gratis.

Kaartjies beskikbaar by Computicket en tydens die ekspo by die hekke.

Toerpakette vir groepe van 10 mense en meer, vervoer en verblyf: navrae aan Shandré Bastiaan tel +27 (0)78 315 9886, shandre@agripromo.co.za

Navrae oor deelname, bywoning en uitstallings:

Pikkie Louw, pikkie@agrimega.co.za of Esther Möller, esther@agrimega.co.za. Skakel +27 (0)28 424 2890 vir meer inligting.

Lewende hawe

SA Ayrshire-kampioenskap

SA Boerboel-skou en -kampioenskap

SA Vleismerino-superramkampioenskap

Mega-perdekampioenskap

Groot by Mega-week:

Mega-trekkerbestuurderskompetiese

Overberg-jeugskou

Graan SA se debat

AMW as international platform

AGRI MEGA WEEK, with a focus on the grain, dairy, wool and meat industries, is an international platform for interactive agricultural business where the transfer of fresh knowledge, technology and agricultural information will add value for all participants and visitors. With the theme being "Africa for International Food Security" this event will attract great global interest.

The popularity of, and increased interest in Agri Mega Week as a platform for agricultural and rural development on the South African agriculture calendar, has rewritten the record books with just less than 26 000 people visiting the expo in

the Overberg last year. The annual expo has, for the first time in 22 years, attracted more than 25 000 visits and just less than 500 exhibitors to Mega Park, Bredasdorp.

The expo focuses on the wonder of agricultural business. It is held annually in its current format since 2003 and originated from a farmers' day in 1993. Since then, it has developed into the biggest expo of this nature in the southern parts of South Africa.

Visitors can look forward to four days of exhibitions, demonstrations, workshops, conferences, farm fresh products, competitions and lots of fun for the whole family. ♡



Trekkerbestuurders wat fyn kan skat, die trekker se afmetings ken en goeie koördinasie het neem aan die Mega-bestuurderskompetiese deel. Ná die week se uitdunne word die wenner op Vrydag van die Mega-week aangekondig.



Sensako

– a seed company for local producers

Sensako is a proudly South African company with an established network of both local and international cooperators and interests. This article examines the historical background and progress of this widely known brand to its present point in the South African seed market.



Dr Francois Koekemoer and Patrick Graham – photo from archive.

Prof Klaus Pakendorf,
EXTRAORDINARY PROFESSOR,
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

From humble beginnings in Lichtenburg in 1958, the Sensako Seed Company has gone through turbulent times, yet has always maintained a proud history of product development and service to the grain producer in South Africa.

The idea to empower the agricultural co-operative movement as partners in developing and producing grain cultivars and hybrids for their own use, without having to resort to foreign seed companies, was mooted and developed by

experienced and well known academics and scientists of the day. These included geneticists Dr Piet Mohr (maize breeding), Dr JP Jordaan (wheat breeding) and plant pathologist Dr PM le Roux and formed what is now known as SENSAKO (Pty) Ltd. Upon his retirement in 1969, the respected academic and geneticist, Prof FX Laubscher of Stellenbosch University (Department of Genetics), joined the group as scientific advisor and mentor.

The name SENSAKO is actually an Afrikaans acronym derived from an abbreviation of the Sentrale Saadkwekers Ko-

operasie. It implies that various farmer's co-operative organisations cooperated in order to fund and support an organisation that could generate hybrids and varieties well adapted to various environments, producing high quality cereal products in a sustainable manner. Over time, this company expanded in personnel size and structure, and eventually dominated the various seed markets including exceptional maize and sunflower hybrids, wheat cultivars suited to spring, winter and irrigated conditions, as well as well-adapted barley and lupin

A farmers day at Sensako's Napier research facility in the Southern Cape – photo from archive.





Demonstration plots at Sensako's Napier research facility in the Southern Cape – photo from archive.

changed back to Sensako and heralded the rebirth of SENSAKO. Sensako is now a proudly South African owner managed business, 40% owned by a staff trust so that all full time personnel benefit from a shared vision and results.

Since 2008, Sensako has focused its research and efforts on continued wheat development as well as the re-establishment of core crops that includes soya, maize, sunflower, sorghum, lucerne, oats and barley. Sensako develops its products under the principles of "progress through research" to produce new improved varieties/hybrids that contain "proven genetics". This is what Sensako calls "the Sensako effect" and which has become a slogan to encapsulate the vision and mission of the company. To date, much of this re-establishment work has been "foundation" research and development, so there is not much to "be seen" in the way of commercial products. Sensako is, however, at a point where it will soon begin to expand its commercial product portfolio.

Thus, from a small re-beginning in 2008 and the dedicated inputs of its scientists, technicians and staff, Sensako is building on its pedigree to offer "the sensako effect" (value adding products) to the South African producers. Currently, approximately 80% (Sensako estimate) of wheat seed planted in South Africa are Sensako cultivars, and the re-introduction of focus crops includes:

- Soya bean (commercial from 2016, commercial trials and seed productions in 2015);
- corn (commercial from 2015);
- sunflower (est. commercial from 2017);
- lucerne (commercial from 2016);
- sorghum (commercial from 2017);
- oats (commercial from 2016); and
- barley (commercial from 2017).

The Sensako effect

The present company structure is depicted in two organograms, and in what follows in the next issue of Wheat Focus / Koringfokus, individuals currently involved in the various activities will briefly be viewed and discussed under two headings, viz. research and development division and commercialisation division. ♣

Cultivar research in the Free State – photo from archive.



cultivars.

From the outset, the company policy was based on hiring only the best local scientists and technicians and included Dr SW Nelson – maize breeding, Dr Bart Lombard – wheat breeding and Mr Tielman Roos – sunflower breeding. This was backed up by forging strong links and memoranda of understanding with leading national and international companies, e.g. De Kalb Seeds, USA, and universities (University of Stellenbosch), in which germplasm acquisition and exchange was of primary interest. Sensako had a very strong brand value among the producers. During the 1990s it had focused on the following crops, namely maize (30% market share), sunflower (60%), wheat (75%), soybean (60%), oats (40%) and various pastures.

In 1999, Monsanto purchased Sensako and changed its name to Monsanto Agriculture. At this time, the Sensako summer crops, including maize, sunflower and soybean, were incorporated into the Monsanto portfolio of products, whilst the wheat was retained in Monsanto Agriculture Pty Ltd (previously Sensako) and was continued to be marketed under the Sensako brand. When, in 2006/07, Monsanto decided to exit the wheat business in South Africa, the current directors, Mr Patrick Graham and Dr Francois Koekemoer, acquired the business in 2008. This included the research facilities (Bethlehem in the Free State and Napier in the Western Cape), intellectual property rights, germplasm bank, research staff and personnel involved in the wheat business. The company name

Duurder padvervoer se akkuraatheid skakel spoorvervoer uit



Druk op die doeltreffendheid van graanvervoer in Suid-Afrika is effens verlig deur die swak produksieseisoen van mielies wat meegebring het dat uitvoer afgeneem het. Die gelyktydige groter hoeveelhede koring wat ingevoer word het tot dusver vlot verloop. Die binnelandse vervoer van graan berus grootliks op padvervoer, hetsy van die hawens af of tussen opbergers en kopers.

Graan SA verwag dat 1,75 miljoen ton koring vanjaar ingevoer gaan word en 1,8 miljoen ton in die 2015/16-bemarkingsjaar. Dit stem ooreen met die Landbou-bemarkingsraad se invoersyfer van 1,8 miljoen ton. Benewens ingevoerde koring wat van hawens af vervoer moet word, word meer as die helfte van die land se koring in die suide geproduseer en weens die markbehoefte na die binneland vervoer.

Suid-Afrika beskik steeds oor 'n baie goeie spoornetwerk om graan te versprei en die meerderheid opbergers is primêr opgerig en ingerig vir spoorvervoer, wat ook goedkoper as padvervoer is. Nogtans word weinig graan per spoor vervoer, hoofsaaklik weens onbetrou-

bare administrasie.

Die skaarsste aan lokomotiewe en treintrokke, gelaaiete trokke wat nie opgespoor kan word nie en wat langer as beplande tye in die vervoerstelsel bly, is grootliks die oorsake hoekom padvervoer verkies word. Graanopbergers is nie self vir vervoer verantwoordelik nie, maar sê hulle kliënte verkies padvervoer weens die akkuraatheid en betroubaarheid daarvan. Ondanks pogings deur Transnet se spoorvervoerafdeling om sake te verbeter ervaar graanopbergers

nog nie positiewe gevolge nie.

Benewens die beskikbare spoorgegiewe by graanopbergers wat spoorvervoer ideaal sou maak, sal spoorvervoer ook voorkom dat instandhouding van opbergers se terreine en paaie al hoe meer aandag en geld vereis. Treintrokke laai vinniger en makliker as vragmotors se massawaens en vragmotors veroorsaak baie skade aan opbergers se paaie en terreingeriewe.

Volgens graanopbergers verkies hulle kliënte duurder padvervoer omdat hulle kan kontroleer wanneer vrag gelaai en afgelewer word. Aflewering is ook baie akkuraat by die bestemmings en die vrag "verdwyn" nie of word sonder goeie rede vertraag nie. Kopers is met padvervoer voortdurend op die hoogte van sake.

Besteding aan die land se vervoerinfrastruktuur is volgens die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid deel van voedselsekerheid. Dit moet help om primêre voedsel doeltreffend te versprei vir toeganklikheid en bekostigbaarheid.

Hoewel groter hoeveelhede graan vervoer word weens die toename van ingevoerde koring, word die druk suksesvol hanteer en ontstaan daar nie opeenhopings en lang vertraging nie. Indien die komende somergraanseisoen gunstiger as die vorige verloop, kan 'n groter mielieoes meebring dat Suid-Afrika se vervoerstel voor groter uitdagings te staan gaan kom. ♡



Workshop tackles road transport legislation and its impact on the economy

At Agbiz's Grain Logistics Workshop earlier this year, participants discussed solutions for complying with the amendments to the National Road Traffic Regulations. Matters such as the condition of South Africa's roads, the unroadworthy vehicles on the country's roads, the impact of the high number of truck accidents on the economy, as well as self-regulation as a possible solution, were also placed in the spotlight. The following are highlights of the workshop.

Good for SA roads but difficult for truck owners

The new regulations pertaining to the National Road Traffic Act, 1996 (Act No. 93 of 1996), which came into effect on 31 October 2014 (definition of consignors and consignees and on 31 January 2015 (Regulations 330A to 330D), are not good news for both consignors and consignees. The regulations are, however, certainly good news for South Africa's depleted roads – especially those in rural South Africa, said Alta Swanepoel of Alta Swanepoel & Associates at the workshop.

Section 74A of the Act requires a consignor, as well as a consignee, to take all reasonable steps to avoid overloading a vehicle. Furthermore, in the event of prosecution, the consignor or consignee must be able to indicate what steps were taken to avoid the overloading of vehicles.

Section 74B requires accurate documentation, as it may be used as evidence in court cases. Regulations 330A and 330B explain in detail the responsibilities of a consignor or consignee.

The new regulations apply to consignors and consignees that transport 500 000 kg and more per month.

New in the regulations is the fact that consignees could now also be held accountable for ensuring that trucks carry the correct weight as stipulated by law. "Consignees are often the only players who can be identified as the party in the chain (consignor/operator/driver/consignee)

who should know what the weight on a truck is and that this is in accordance with the law," Swanepoel said.

The other bad news is that trucks must now carry documents stipulating, inter alia, the mass they carry, to whom the truck belongs and to where it is destined. This will place a huge administrative burden on consignors.


In practice, the new regulations mean that an overloaded truck could now not be driven for 200 km before a traffic officer at a weighing bridge could check the load and order a correction of the weight. "At that stage, the truck has already damaged the 200 km of road it travelled on," according to Swanepoel.

"In the past, most consignors only checked the total mass of the vehicle and not the axle masses. The new regulations stipulate that the weight that each axle carries must be calculated, as well as other factors, such as the weight of the diesel or petrol it carries, Swanepoel said. This means that consignors will in most instances need scales that can weigh individual axles and axle-units to calculate a truck's weight. These scales are expensive.

Another new regulation that will add to the escalating bill is the compulsory liability insurance that consignors now will have to take out to ensure that there is no loss to government's coffers when, for instance, a truck runs into a bridge.

"And you are living in dreamland if you think that policing the system is impractical and will not happen due to a lack of expertise or manpower. "The expert eyes of an experienced traffic officer will quickly detect if a vehicle carries more weight than it should. The documentation that has to accompany a vehicle will be a give-away if the truck is overloaded. And, if the officer has his or her doubts, the vehicle will be directed to the nearest weighing bridge (this is compulsory), albeit 100 km away."

If found guilty, a fine of up to R240 000 and even a term in prison of up to six years may await you. The bottom line: Know what is expected of you and comply, Swanepoel recommended. If not, you could be in serious trouble. ♡



Driving in SA no trip to Disneyland

Unfit vehicles, unfit drivers, bad and dishonest administrators and bad traffic policing were but some of the realities of driving in South Africa, said Gavin Kelly from the Road Freight Association at Agbiz's Grain Logistics Workshop.

"Traffic policing is inconsistent and there are high levels of corruption among officers, stretching from illegal fines to problems with dockets. Traffic officers have poor technical skills and often cannot even perform not only basic, but also fundamental tasks. They have lost the plot of safety and the free flow of traffic," Kelly said.

He discussed administrative difficulties, such as the lengthy delays in getting permits and licences, among others. "There is furthermore no coordination between transport and traffic services. The split in departments allows for confusion.

"It seems when it comes to freight policy, government believes that, re-

moving trucks from South Africa's roads will solve many problems, including congestion, pollution and road damage. Such a shortsighted approach will damage many business undertakings. The continual threat of the move from road to rail fuels mistrust in the authorities in the majority of policy debates."

Kelly also highlighted many problems with regard to operator licensing. These include poor control over the granting of operating permits; no centralised system to record operator details and their history; and non-compliant operators who operate under the radar and who seem to be immune.


"Furthermore, aberrant operators get back on the roads without having had to correct their operations or the condition of their trucks. Problem vehicles are not taken out of circulation, problematic test centres are not dealt with and there is widespread corruption in certification."

Kelly said that the process of issuing driver's licenses is another problem area. "The current process is flawed. It does not prepare drivers for the actual vehicles that they will eventually drive. The current process encourages taking the easy

route by buying illegal licences. There is also no database of errant drivers."

He suggested industry controlled vehicle and driver fitness to improve the situation.

- The Road Freight Association is a trade association, representing private operators from owner-drivers with only a handful of trucks to medium and large operators. Membership is voluntary and the association currently has 746 members. To date it has spent R4 million on litigation against corrupt authorities at various levels and R5 million on driver training and wellness programmes. It receives no government support for its industry safety projects. The Association is funded by members and fundraising activities. ♡



Transport-hungry economy needs more kilometres travelled

SOUTH AFRICA HAS a transport-hungry economy, requiring more transport activity (more kilometres travelled) to generate more Rand value, said Nadia Viljoen from Growth and Intelligence Network (GAIN) at Agbiz's Grain Logistics Workshop.

This is especially true in the grain industry, as the industry is structured in such a way that it exported a great proportion of maize and imported a great proportion of wheat for local consumption, she said. "These imports and exports have to travel hundreds of kilometres, as maize farms and wheat mills are situated far from ports," Viljoen said.

She pointed out that the costs of logistics constitute a significant concern

for the agricultural sector. Apart from the great demand for transport in the grain industry, the agricultural sector, in general, is primarily dependent on road transport, which is relatively expensive, given the low commodity value of grains.

"While more efficient trucking would definitely have an impact on transport costs, we need to be more drastic in considering ways to reduce the demand for transport in the industry overall."

"This could include establishing processing capacity for imported grains closer to the ports. A modal shift back to rail could also have a positive cost impact, provided that the availability of carriages is sufficient and the timeliness

and reliability of the service are sufficiently competitive to replace the road solution."

"With a view to South Africa's broader economy, increased agricultural beneficiation would reduce current inefficiencies that are incurred when grains are exported as raw material and the processed product is imported."

"It would furthermore stimulate the industry by creating jobs and increase the value of exports, thus earning the country more revenue. Given the size of South Africa's grain industry, it is sufficiently powerful to, by way of a collaborated effort, change the trends that currently hamper its competitiveness," Viljoen said. ♡



Self-regulation scheme have good results

There are far too many truck accidents in South Africa and this situation hurts the economy. In South Africa, the cost of logistics as a percentage of the GDP is around 12%. This is almost double that of the United States and 50% more than Japan and Brazil. This was stated at Agbiz's Grain Logistics Workshop by Paul Nordengen from the CSIR.

In an effort to promote self-regulation among operators, the CSIR developed the Road Transport Management System (RTMS). This is a government-supported, voluntary, self-regulation scheme, which encourages consignees, consignors and road transport operators to implement a management system. It constitutes a set

of standards with outcomes that contribute to preserving road infrastructure, improving road safety and increasing productivity.

Key focal areas in the system are load optimisation, driver wellness, vehicle maintenance and productivity, Nordengen said. To comply, participants must maintain a haulage fleet inventory. Vehicles must be assessed before each trip and the mass that vehicles carry must be determined and verified before each trip. The scheme furthermore focuses on driver wellness, as well as the provision of training and education.

The participating companies have reported good results since their accreditation. Examples of which are the following:

- Barloworld Logistics reported a 66% reduction in the number of crashes in 2012.
- Vehicle Delivery Services reported a

42% reduction in serious crashes from 2011 to 2012.

- Timber Logistics Services reported a 50% reduction in crashes and incidents from 2009 to 2012.
- The City of Cape Town: Electricity Support Services, reported a 44% reduction in the number of crashes.
- Unitrans Amatikulu reports that the cost of crashes has been reduced from 5.0% of revenue to 1.3% of revenue.

Participants also reported qualitative benefits, such as a reduced turnover of drivers due to HIV-related issues, as well as an improved standard of living among drivers. There is also an improvement in driver wellness, resulting in a consequent decrease in absenteeism. Drivers report fewer breakdowns, their driving behaviour improves, and there is the reassurance that drivers are medically fit to drive a heavy vehicle. 🗣️

Shipping lines report best arrival performances

For the first half of 2015, many shipping lines in trades, such as Asia-Africa, have recorded their best performances for the last three and a half years in terms of scheduled arrivals. Productivity at the quayside and at the stacks has improved at many terminals, reports Port Overview Africa. The report is the first of its kind to provide data since October 2012 on incidents in African ports.

The first report features four major drivers of African trade, including African main port highlights with a con-

gestion update, schedule reliability for the African trades to and from Asia and Europe, average dwell times and vessel size development at Africa's main ports. "As we observed since we started back in October 2012, African ports have experienced extreme highs and lows and will continue to do so for the rest of this decade," comments the editor of Port Overview Africa, Victor Shieh.

The misperception that container lines or terminal operators are entirely to blame for poor timely container delivery is apparent with the data collated from **portoverview.com** from the previous twenty months on a daily basis.

"If we analyse Sealntel Maritime Analysis' vessel reliability for the first half of 2015, many lines in trades such as Asia-Africa have recorded their best performances for the last three and a

half years in terms of scheduled arrivals. Productivity at the quayside and at the stacks have improved at many terminals. However, actual container deliveries perform poorly with less than a one in two chance that your cargo will arrive on time at the customer," he adds.

A variety of challenges exist, from structural congestion in African ports located in conurbations with limited road and rail infrastructure to poor customs procedures, security concerns, poor dredging programmes and industrial actions.

- Port Overview Africa was produced by the owners of the portal **portoverview.com** and will in future be published biannually. It measures African port incidents and analyses trends, new developments and carrier shipping performance statistics on the main African trades with Asia and Europe. Subscribe free of charge by registering on **www.portoverview.com**. 📧



Ontgin die landboumark ten volle...

Maak gebruik van die spesialis

UITGEWERS VAN:

Koringfokus / Wheat Focus:

Die spesialistyskrif vir kleingraan in Suid-Afrika

SA Groente & Vrugte / SA Vegetables & Fruit:

Ontgin alternatiewe moontlikhede in nismarkte

Subtrop Journal:

Kwartaallikse joernaal vir avokado-, mango-, makadamia- en lietsjiekwekers

Navorsingsjoernale:

SA Avokadokwekersvereniging,
SA Mangokwekersvereniging,
SA Makadamiakwekersvereniging en
SA Lietsjiekwekersvereniging.

SA Typographical Journal



MEDIAKOM
Uitgewers en verteenwoordigers


Beproefde Genetika • Proven genetics

SENSAKO SOYA • SOJA

Proudly introducing **Sensako's Sensational Soya (SSS)**:
Met trots stel **Sensako** hulle **Sensasionele Sojabone (SSS)** bekend:



- Proven performance in yield potential, yield stability, lodging tolerance, pod height and shattering resistance.
- **Uitstaande prestasie in opbrengspotensiaal, opbrengsstabiliteit, omvalweerstand, peulhoogte en oopspringweerstand.**
- Look out for the Sensako demonstration trials in 2015/16.
- **Besoek die Sensako demonstrasie persele in die 2015/16 - seisoen.**
- Available commercially from 2016
- **Kommersieël beskikbaar vanaf 2016**
- **SSS 6560** ^{Tuc}
- **SSS 5755** ^{Tuc}
- **SSS 4945** ^{Tuc}
- **SSS 5052** ^{Tuc}
- **SSS 5449** ^{Tuc}



*Ons noem dit 'die **SENSAKO** effek'*
Vordering deur navorsing

- For more information please contact us or refer to the Sensako cultivar guide or www.sensako.co.za
- Vir verdere inligting kontak Sensako of verwys na die nuutste Kultivargids of www.sensako.co.za

Bethlehem Tel: +27 (0) 58 303 4690
Napier Tel: +27 (0) 28 423 3313



www.sensako.co.za